NUUSBRIEF

# Die Skipper

God gee die wind
Span die seile

JULIE 2026

#ngden








Hierdie kwartaal was daar duidelike beweging in ons gemeente. Tussen die vreugde van die Basaar en die saam-wees van die Rolbaldag, het daar 'n dieper beweging begin — 'n stille herlewing wat ons almal kon voel. In Junie, met ons Span die Seile-projek, het ons nie net 'n tema gevolg nie; ons het saam 'n geloofsreis onderneem. Ons het ons seile gespan, nie in ons eie krag nie, maar in die wind wat God self stuur. Hierdie uitgawe vier daardie nuwe asem, daardie nuwe hoop, daardie nuwe beweging wat deur ons gemeente waai.



## GOD AAN DIE WERK

Wanneer ek terugdink aan my jare in Deneysville, kan ek net een ding sê: God het hier gewerk, lank voor ek gekom het, en Hy werk steeds. My eie pad saam met hierdie gemeente het in 1987 begin. Ek was nog jonk in die bediening, onseker, maar diep bewus dat ek deel word van iets wat groter is as enige mens. Ek het gesien hoe God mense inbring, hoe Hy voorsien wanneer ons min het, hoe Hy genees waar ons hoop verloor het, en hoe Hy families deur ondenkbare verlies dra.

Ek het ook die vreugde beleef van tye van groei, van eredienste waar die gebou te klein was, en van uitreike waar God se lig sterker geskyn het as enige donkerte. Elke keer wanneer ons as gemeente die seile gespan het — soms met bewerige hande — het God die wind gestuur. Ons gemeente leef omdat Hy leef. Ons span die seile; maar Hy stuur die wind.

**DS. CARLIE SCHIEL**



## ’N GEMEENTE IN GOD SE WIND

Jesaja 33:23 gee die beeld van ’n skip met slap toue, ’n wankelende mas en seile wat nie gespan is nie. Die skip bestaan nog, maar dit kan nie doen waarvoor dit gebou is nie. So kan ’n gemeente ook lyk: besig en aktief, maar sonder geestelike krag. Die probleem is nie dat God se wind opgehou waai het nie — die vraag is of ons seile oop is om dit te vang.

Die “toue” van die kerk is ons geestelike praktyke: gebed, Bybelstudie, aanbidding, dissipelskap en gehoorsaamheid. Wanneer dit verswak, verloor ons fokus op Christus, die mas van die kerk. Dan raak ons gemaklik, na binne gerig, en die evangelie beweeg nie meer uitwaarts nie.

Maar die goeie nuus is eenvoudig: die toue kan weer vasgetrek word en die seile kan weer oopspan. Deur gebed, gehoorsaamheid, diens en getuienis word ons gereed vir God se werking. Wanneer die seile gespan is, gee God die wind — en die kerk beweeg weer met doel en krag.

**DS. DIRK DU PREEZ**

# GEMEENTE GETUIE

## GOD SE WIND IN AKSIE IN ONS GEMEENTE

Die lewe is deur
Martie Terblanche





Die lewe het my seilboot deur diep storms geneem: my man se noodoperasie, my suster se tragiese dood, ’n gebroke student wat ons moes help dra, en my broer wat onverwags op die rugbyveld sterf. Kort daarna tref die nuus van ’n breingewas — ’n gholfbal groot — en ’n operasie wat dit nie heeltemal kon verwyder nie. Te midde van alles moes ek aanhou werk en later my ma se hand vashou toe sy aan kanker sterf. Daarna volg ses weke van daaglikse bestraling, jare se MRI-vrees… en uiteindelik die wonder: ná tien jaar geen groei nie.

Vandag vaar my seilboot weer in kalmer water. Ek tel my seëninge: ’n liefdevolle man, kinders, kleinkinders, familie, vriende en ’n gemeente wat dra. Met God as stuurman aan boord en die Gees se wind in die seile sal ek eendag veilig by my eindbestemming kom.

# GEMEENTE GETUIE

## GOD SE WIND IN AKSIE IN ONS GEMEENTE

**Seilboot deur Takkie Lotter**





*Elke dag nog onder konstruksie*

Dit het drie preke en een seilboot geneem voordat ek besef het hoe maklik ’n mens sê: “Ek kan nie… ek het nie tyd nie.” Ek het myself jammer gekry, vasgevang in kosblikke, seuntjies, knieë dokter en die idee dat ek die enigste besige mens in die gemeente is. Maar toe vaar die seilboot reg in my hawe in — en ek sien skielik: ander mense is net so besig, maar hulle maak tog tyd. So hoekom nie ek ook nie?

Want God het nog nooit vir my gesê Hy het nie tyd nie. Hy luister altyd, Hy dra altyd, Hy doen groot en klein wonders in my lewe. As ek vir my eie huisgesin kan sorg, kan ek ook vir ander sorg: ’n brood saambring, ’n knoop vaswerk, Bybel lees, ’n hand uitsteek. Ten spyte van my besige lewe wil ek my kant bring — met ’n lied in my hart.

# DATUMS OM TE ONTHOU

## KWARTAAL 3





**JUL**
2026

| | |
|---|---|
| **04 JUL** | Rolbaldag |
| **26 JUL** | Kinderdiens & Kategese Heropen |

---

**AUG**
2026

| | |
|---|---|
| **04 AUG** | Klereverkope |
| **12 AUG** | Kerkraadsvergadering |
| **16 AUG** | Nagmaal |
| **21 AUG** | Golfdag |

---

**SEP**
2026

| | |
|---|---|
| **13 SEP** | Gemeente ete |
| **20 SEP** | Kategese Afsluiting |